

25 Oktober

Skrifgedeelte: Hooglied 4:1-16

Hooglied – lied van die liefde (2)

Vir getroudes en ongetroudes lê versoekings om elke hoek en wag om ons te probeer wegkry van God se standaard vir die huwelik.

Daarom wil die Here ons in hierdie boek onderrig oor die liefde sodat ons in hierdie wêreld, waar seksuele luste en ongebreidelde passie goedgepraat word, op God se pad koers sal hou.

Veral wil Hooglied ons die positiewe daarvan leer: om die mooie en goeie van die liefde tussen 'n man en vrou te waardeer en te geniet sonder om skuldig te voel of verkeerd te dink daaroor.

Ons het gister gesien hoedat ons – soos die Grieke van ouds – geneig is om ook die liefde uitmekaar te haal. Dit het ongelukkig ons westerlinge se koppe in twee verdiepings aan die dink gesit: die geestelike en die liggaamlike – met die liggaamlike dikwels as die nikswerd deel!

Vir 'n huweliksverhouding het hierdie tweeverdieping-idee vernietigende gevolge:

- ◆ Enersyds kan mense dink dat die seksuele nie pas by *geestelike* (gelowige) mense nie. Hulle skeep omgang dan in hul huwelik af deur mekaar dit onnodig te ontsê (lees gerus ook 1 Kor 7:5 vir perspektief). So 'n situasie lei maklik tot bitterheid en frustrasie tussen huweliksmaats.
- ◆ Andersyds kan mense so min van seks dink dat seks buite die huwelik nie as probleem gesien word nie. Of dit nou seks teen betaling, 'n flirtasie met iemand anders of pornografie is. “Dis mos nie 'n probleem vir my verhouding nie”, word geredeneer. Kyk bietjie wat die Here van so 'n tipe redenasie dink in 1 Kor 6:12 en 13!

Nee! Jy mag jou maar verlustig in hierdie mooiste lied wat God gegee het en dit tot sy volle konsekwensies in jou huwelik leef!

Sing: Psalm 45:12,13

Ds GC Verhoef (Wierdapark)